Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 34 (20 - 27 OKTOBER- 2023)

SPORT

SWEM

Baie geluk aan die volgende leerders wat medaljes ontvang het gedurende Saterdag, 14 Oktober se Flamingo Gala in Kimberley.

Rauch Burger (seuns 10 jaar)
100m Borsslag - 1ste plek
100m Vryslag - 2de plek
50m Borsslag - 1ste plek
200m Borsslag - 1ste plek
50m Vryslag - 1ste plek

Ignus Jacobs (seuns 11-12 jaar)
50m Rugslag - 2de plek
200m Rugslag - 2de plek

Claire Combrink (dogters (11-12 jaar)
50m Rugslag - 3de plek
100m Vryslag - 3de plek
50m Borsslag - 2de plek
200m Vryslag - 3de plek

TWEEKAMP

Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke gekry het met Dinsdag, 17 Oktober se liga in Bloemfontein:
CG Combrink - 6de plek
Chanlè Jacobs - 5de plek
Rauch Burger - 4de plek
Christiaan Wilkinson - 4de plek

KRIEKET

Baie geluk aan die 0/11A span wat Dinsdag, 17 Oktober met 5 paaltjies gewen het teen Newton 0/11B.

Sterkte aan die 0/11A span wat Dinsdag, 24 Oktober om 14:00 teen Futurum ‘n wedstryd speel by hulle velde. Leerders kom met sportklere skooltoe en sal om 11:15 verdaag en die bussie vertrek 11:30.

MINI-KRIEKET

Baie sterkte aan die Gr.R, 0/7 en 0/8 spanne wat Saterdag, 21 Oktober aan Newton se John Dory’s Mini-Krieket dag deelneem in Kimberley.

Baie sterkte ook aan die 0/7, 0/8 en 0/9 spanne wat Donderdag, 26 Oktober aan Jakkies se KFC Mini-Krieket dag deelneem op ons velde. Daar is 29 spanne wat gaan deelneem. Kom ondersteun hulle asseblief. Leerders kom met sportklere skool toe en verdaag om 10:20. Wedstryde begin om 11:00.

PRO20 KRIEKET
Die 0/13A span het Donderdag, 19 Oktober teen KJS gespeel en ons wen met 5 paaltjies.
Baie sterkte aan die 0/13A span wat Woensdag, 25 Oktober teen Yorkshire speel om 14:00 op Staats se veld. Leerders sal om 12:15 verdaag en die bussie vertrek 12:30.

TENNIS UITSLAE
Die 0/11 en 0/13 dogters het Woensdag, 18 Oktober teen Hopetown wedstryde gespeel. Ons het ongelukkig verloor.
Dit was die laaste tenniswedstryde vir 2023. Ons sien uit na 2024 tennisseisoen.

PRIVAAT SWEMBAD HUUR
Ons stel ouers in kennis wat hierdie seisoen swembadsleutels betaal het, dat die swembad beskikbaar is op die volgende dae en tye:

- Maandae, Dinsdae en Donderdae: Soggens - Voor 09:30
  Middae - Na 18:00
- Woensdae: Soggens - Voor 09:00
  Middae – Na 18:00
- Vrydae: Middae – Na 14:00
- Saterdae en Sondae: Enige tyd

VOERTUIE OP SKOOLTERREIN
Ons herinner net alle ouers daaraan dat geen voertuig op die skoolterrein mag rondry nie.
Ouers moet buite die skoolterrein stop en van die kleinhekkie by die swembad gebruik maak.

OUER INLIGTING OP STELSEL
Ouers moet asseblief hul kontakbesonderhede, indien dit verander het, by die skool kom verander. Dit is belangrik dat ons die korrekte besonderhede het.

BEKERS EN TROFEES
Ouers moet asseblief die bekers en trofees wat hulle kinders verlede jaar tydens die **Prysuitdeling** verower het, laat graveer.
Gewone gravering op plaatjies:
Zane's in Georgestraat Kimberley
Gravering op bekers self:
Tocknell's in Bloemfontein
Alle bekers en trofees moet asseblief so spoedig as moontlik ingehandig word. Skoon en klaar gegraveer. Baie dankie vir die ouers wat reeds al kom inhandig het.

GR.7 SKOOLVERWISSELING
Mnr. Johan Pienaar (Afgetrede skoolhoof) kom op 20 November om 10:30 met die Gr.7's gesels oor skoolverwisseling. Baie dankie aan al die ouers wat 'n bydrae gemaak het om hierdie geleentheid moontlik te maak.

MELODRAMA
Die Melodrama word uitgestel na die 1'ste kwartaal in 2024. Die saal is nog nie reg nie. Inligting sal solank deur Juffrou Saricé vir julle deurgegee word.

GR.3 ORIËNTERING
Die Gr.3's het Maandag, 23 Oktober 'n dag in Gr.4. Hulle gaan klasse wissel, 'n perioderegister volg en selfs pouse hou soos die Gr.4's, maar die skool verdaag steeds om 13:15 vir die Gr.3's.
Al die Gr.3 ouers word uitgenooi na 'n Gr.4 oriëntasievergadering op Vrydag, 27 Oktober om 12:00 in die skoolsaal. Ons sal aanraai dat indien u 'n eerste keer Gr.4-ouer is in 2024, u hierdie vergadering sal bywoon. So kan baie onsekerhede uitgeskakel word.

VERANDERING VAN DATUM OP KWARTAALPROGRAM
Disconto is nou 21 & 22 November hier vir hulle jaarlikse boekuitstalling.

……
T.E. MOSTERT
Waarnemende Skoolhoof

GEBEDSLYS:

Benjamin Badenhorst (hospitaal)

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

VAKATURE BESKIKBAAR

LEERKRAG: (Posvlak 1)	**BEHEERLIGGAAM AANSTELLING**
POSBENAMING:	Intermediêre en Senior Fase
MINIMUM VEREISTES:	Erkende Onderwyskwalifikasie
VAKKE:	Gr. 4 - 7
AANBEVELINGS:	Goed tweetalig. Rekenaarvaardig. Vermoë om opdragte doeltreffend en stiptelik uit te voer Goeie organisasie en beplanning Goeie en aanvaarbare waardes Sport- en Kultuurvaardighede Geen kriminele rekord Ondervinding gaan in jou guns tel!
KONTRAK:	Jaarliks hernu
SALARISPAKKET:	R11 500.00 per maand (+13de)
MEDIUM VAN ONDERRIG:	Afrikaans
AANSTELLINGSDATUM:	Januarie 2024

HANDIG DIE VOLGENDE IN, OF EPOS NA ADMIN@JAKKIES.COM

Aansoekbrief en -vorm (Z83)
Volledige CV
Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies en ID document
Polisieklaring

Sluitingsdatum: 17 November 2023

NAVRAE:

Skoolhoof, mev. TE Mostert by: skoolhoof@jakkies.com
Tel: 053 0505986

Indien u nie binne twee weke, na sluiting van die aansoeke, iets van ons gehoor het nie, kan u aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

VAKATURE BESKIKBAAR

LEERKRAG: (Posvlak 1)	**BEHEERLIGGAAM AANSTELLING**
POSBENAMING:	GF: Graad 1-leerkrag
MINIMUM VEREISTES:	Onderwyskwalifikasie
VAKKE:	Afrikaans, Engels, Wiskunde, LV
AANBEVELINGS:	Goed tweetalig. Rekenaarvaardig. Vermoë om opdragte doeltreffend en stiptelik uit te voer Goeie organisasie en beplanning Goeie en aanvaarbare waardes Sport- en Kultuurvaardighede Geen kriminele rekord Musikale agtergrond 'n aanbeveling Ondervinding gaan in jou guns tel!
KONTRAK:	Jaarliks
SALARISPAKKET:	R11 500,00 per maand (+13de)
MEDIUM VAN ONDERRIG:	Afrikaans
AANSTELLINGSDATUM:	Januarie 2024

HANDIG DIE VOLGENDE IN, OF EPOS NA:
admin@jakkies.com

Aansoekbrief en -vorm (Z83)
Volledige CV
SACE sertifikaat
Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies ID dokument
Polisieklaring

Sluitingsdatum: 17 November 2023

NAVRAE:
Skoolhoof, mev TE Mostert by: skoolhoof@jakkies.com
Tel: 053 0505986

Indien u nie binne twee weke, na sluiting van die aansoeke, iets van ons gehoor het nie, kan u aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.





Jacobsdal Primêr

KFC MINI-KRIEKET: 26 Oktober 2023

PROGRAM:

	0/7 SPANNE		0/8 SPANNE			0/9 SPANNE		
TYE:	**BAAN 1:**	**BAAN 2:**	**BAAN 3:**	**BAAN 4:**	**BAAN 5:**	**BAAN 6:**	**BAAN 7:**	**BAAN 8:**
11:00 – 12:00	L/S Harts vs Jacobsdal	Douglas 2 vs De Aar	Jacobsdal vs KJS 1	Newton vs De Aar	Futurum vs Panorama 1	Jacosbdal vs L/S Harts	Futurum vs Douglas 2	Douglas 1 vs De Aar
12:00 – 13:00	Diamanthoogte vs Douglas 1	Futurum vs Newton	Diamanthoogte vs L/S Harts	KJS 2 vs Panorama 2	Douglas vs Boshof	Jacobsdal vs Koffiefontein	Futurum vs Panorama 2	Douglas 1 vs Panorama 1
13:00 – 14:00	L/S Harts vs Diamanthoogte	Futurum vs Douglas 2	Jacobsdal vs Diamanthoogte	Newton vs KJS 2	Panorama 1 vs Boshof	L/S Harts vs Koffiefontein	Douglas 2 vs Panorama 2	Panorama 1 vs De Aar
14:00 – 15:00	Jacobsdal vs Douglas 1	Newton vs De Aar	KJS 1 vs L/S Harts	Panorama 2 vs De Aar	Futurum vs Douglas	L/S Harts Vs Panorama 1	Jacobsdal Vs Douglas 2	Futurum Vs Koffiefontein
15:00 – 16:00	L/S Harts vs Douglas 1	Futurum vs De Aar	Jacobsdal vs L/S Harts	KJS 2 vs De Aar	Futurum vs Panorama 1	Panorama 2 Vs Douglas 1	De Aar Vs Futurum	
16:00 – 17:00	Jacobsdal vs Diamanthoogte	Newton vs Douglas 2	KJS 1 vs Diamanthoogte	Newton vs Panorama 2	Douglas vs Boshof			